## PINKSTER 2019—KERKGEBOU

Die tema vanjaar DV is: *'n Aptyt vir die dinge van God.* Ons gaan die analogie van saam eet en kuier gebruik (in Jesus se geselskap). Kom geniet sop en broodjies na die bidure in die saal.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hemelvaart, 30 Mei | 18:00 | - | 'n Nuwe spyskaart *Hand 1:7-11* |
| Sondag, 2 Jun | 09:00 | - | Nuwe Bestuur *Rom 8:1-17* |
| Sondag, 2 Jun | 18:00 | - | Perfek voorberei *Joh 4:1-19* |
| Maandag, 3 Jun | 18:00 | - | Gereed.... eet *Joh 4:10-29* |
| Dinsdag, 4 Jun | 18:00 | - | Tafelgenote *Mark 2:13-17* |
| Woensdag, 5 Jun | 18:00 | - | Tafelgebed *Matt 6:5-15* |
| Donderdag, 6 Jun | 18:00 | - | Ontspan *Mark 6:30-34* |
| Sondag, 9 Jun | 09:00 | - | Bedien *Jes 6:1-8* |

## PINKSTER 2019—VLEESBAAI



TEMA: "Die Gees laat ons leef met God".

| | | |
|---|---|---|
| Sondag, 2 Junie | 09:30 — | "Die Goddelike meesterplan" |
| Maandag, 3 Junie | 18:00 — | "Die Gees woon en werk in ons " |
| Dinsdag, 4 Junie | 18:00 — | "Die Gees bind ons aan mekaar" |
| Woensdag, 5 Junie | 18:00 - | "Die Gees troos ons" |
| Donderdag, 6 Junie | 18:00 - | "Die Gees bemagtig ons" |
| Sondag, 9 Junie | 09:30 - | "Die Gees stuur ons uit" |

## PINKSTER 2019—SANTOS HAVEN

TEMA: God is altyd aan die werk in ons deurmekaar wêreld. Soms moet God ons oë oopmaak om dit raak te sien.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

**SIEKES:** Charles Moore Swarthoutstr, Andries Steyn De Bosse, Esmé van Rooyen Santos Haven, James Campbell Santos Haven, Pieter Looch 17de Laan, Piet van der Spuy Protea Aftreeoord, Dorothy Nielsen Erik Pienaarstr, Piet Zeelie Barlowstr, Denise Laufs Nettie Thatcherstr, Wilma Laufs Nettie Thatcherstr, André du Preez Hoogstr.

**STERFTES:** Seun (Jandré) van Erichea Olivier Fynbos Aftreeoord. Bennie Matthee (eggenoot van Susan) Diazstrand. Jannie Pienaar, voorheen van die plaas Schoongesicht. Sy troosdiens is Vrydag om 14:00 by Santos Haven.



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 2 JUNE 2019**

*"Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word" (Matteus 5:6)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Kweekskool op Stellenbosch.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal en Gr 7-8 na die "Gat" na die kinderoomblik in die diens en Gr 11 vergader nie. Gr 9-10 soos deur ds Robert gereël.

**PINKSTER:** Ons nooi u hartlik uit na vanaand se Pinksterdiens om 18:00.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**PINKSTERFEES:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds André) en 09:30 op Vleesbaai (ds Danie). *Dit is ook biddag vir Jeug en Kategese.*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeentehulpfonds.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal en Gr 7-8 na die "Gat" na die kinderoomblik in die diens en Gr 11 vergader nie. Gr 9-10 soos deur ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Geen agv Pinksterbidure.

Ds André: Bybelstudie Dinsdag 09:30 in die saal.

Ds Robert: Soos onderling gereël.

**Maandag tot Donderdag:** PINKSTERBIDURE — 15:30 by Santos I, 18:00 in die kerkgebou en op Vleesbaai.

**Maandag tot Vrydag:** PINKSTER Kenani 12:30.

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die saal.

**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS: JUNIE** is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**BEWYSE ONTVANG:** Vanaf NG Mosselbaai—Gilbert D Muller, Helga Muller en Bianca Muller (doop) 21ste Laan. Hartlik welkom!

**DEUROFFERS:** Spesiale offer Instandhouding was R2705-80.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**KERKRAADSVERGADERING:** Skuif na 13 Junie 2019.

**TE KOOP:** Geskilde perskes @ R85 p/kg en ongeskilde perskes @ R65 p/kg, rosyne R50p/kg.

**KOEVERTE:** Ons gee hierdie week ons spesiale bydrae vir Sending en Diens van Barmhartigheid. Koeverte is vir díe doel uitgedeel. U kan u koevert by een van die bidure of eredienste in die houers plaas.

**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om na die skoolvakansie in Julie eetgoed ens na die Kinderhuis te neem. Die volgende word benodig:
Skoonmaakmiddels (Poeierseep, handy andy, skottelgoedseep, vadoeke). Toiletware (Shampoo, toiletseep, handeroom, waslappies). Koekies, lekkers en beskuit. Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop). Blikkies vleis, vis en tuna. Weense worsies, polonie en kaas. Chips en snacks, Grondbone en rosyne wat in kosblikke kan kom. Kontant ook welkom, dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar is ongeveer 15 dogters in Huis C van laerskool ouderdom. Handig asseblief in voor of op 5 Julie 2019 in by kerkantoor. As u van ´n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asseblief. Baie dankie. Navrae: Joey de Jager 073 2988 142 of 044 6910116.

**GEBEDSWEEK:** Jerigo Mure gebedsweek 2-9 Junie. Daar is weer ‘n gebedskamer. Hierdie keer by die Lutherse kerk in uitbr 13. Skakel ds André vir aanwysings as u belangstel.

**BIDDAG:** Vir Mosselbaai en *Global Day of Prayer* Sondag,9 Junie om 14:00 te D'Almeida Gemeenskapsaal. Draai af by Mikeva, ry verby Da Gamaskop SAPD ongeveer 500m verder.

Baie van ons het kennis geneem (in koerante en met whatsapps) van die beplande *Comprehensive sex education* in skole (vanaf graad 4). Dis baie belangrik dat gelowiges beswaar maak. Diegene wat internet toegang het, kan by hierdie skakel beswaar aanteken: https://www.comprehensivesexualityeducation.org/
Anders kan u ‘n epos stuur na mhlanga.e@dbe.gov.za. Gebruik hierdie brief as riglyn. Pas dit gerus aan.

Subject: Stop CSE in South African Schools
Message: I as a parent/grandparent am opposed to the CSE curriculum and do not agree with it. I feel that is objectifies sex and it goes against my value system. I hereby request that it be removed from our curriculum with immediate affect.
Thanking you
(Your Name)



# GEBEDSBULLETIN

***Junie se tema:*** ***GEDULD—Ons dink aan God se lankmoedigheid met ons en sy opdrag dat ons met mekaar geduldig moet wees.***

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Dank die Here vir sy groot geduld met ons. Hy vergeef, verdra, versoen. In so ‘n Redder kan ons roem.
* Die geseënde gebruik van Pinkster-byeenkomste in ons kerk.
* Lidmate wat help met sop, brood en die bediening tydens Pinkster.

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**

* Die Kweekskool op Stellenbosch en die opleiding van predikante.
* Om God te vertrou met die groot, sowel as klein dingetjies.
* Ramadan (6 Mei tot 4 Jun) en Nasionale kinderbeskermingsweek (28 Mei tot 4 Junie).
* Botswana uitreik - voorbereidings en fondsinsamelings.
* Wêreldgebedsdag (GDOP) - 9 Junie om 14:00 by die D'Almeida gemeenskapsaal.
* Ons land en die samestelling van die kabinet. Bid vir mans en vroue wat die land kan bestuur op ‘n manier wat tot voordeel van alle mense is.
* Pinkster - (kerkgebou, Vleesbaai, Santos Haven, Kenani). Laerskool Park vanaf 10 Junie.

**BOTSWANA UITREIK:** Baie dankie aan elkeen wat ons Botswana uitreik so wonderlik ondersteun. Ons perskes is byna uitverkoop, ons het egter laat eers rosyne gekry en daar is nog baie beskikbaar @ R50p/kg.

Die sendelinge by Werda leer vrouens naaldwerk doen. As iemand vir ons ‘n tweedehandse elektriese naaldwerkmasjien wil skenk sal hulle dit baie waardeer. Almal wat reeds vir ons vrouebediening se uitreik produkte gekoop het kan dit by die kerkkantoor of by Ds Robert afgee. As julle nog nie gekoop het nie, moenie bykoop nie. As julle van plan was om nog vir die vroue by te dra, kan julle oorskiet wol en van die kruideniersakke wat van materiaal gemaak is by die kettingwinkels koop. Ons kan die geskenkies daarin sit, en die dames kan dit hergebruik vir die aankoop van kruideniersware. Ons gee nie plastieksakke nie – ons doen ons deel vir die aarde.

Daar is tussen Reebok, ons gemeente en ‘n paar mense van ander gemeentes 34 mense wat op die uitreik gaan. 15 van hulle is in die hoërskool. ‘n Paar is jong werkendes of studente. Elke jaar is daar engele wat vir ons beskuit bak en koekies saamgee wat verseker dat ons nie honger tieners het nie. Ons pak die 21ste Junie, as daar persone is wat vir ons beskuit of koekies wil saamgee sal ons dit baie waardeer, dit moet net voor die 21ste wees. Dit moet asb in ‘n roomysbak of ‘n kartondoos wees. Beskuit en koekies in plastiek sakke word maklik krummels wanneer ons alles probeer inpak.

Baie dankie vir almal se liefde en ondersteuning.